# Aktuele besinning

## 'N BESKOUING VAN DIE GEREFORMEERDE SENDINGKRISIS 1981

*prof. B. Spoelstra.*

Ek het gedink dat ek die sendingkrisis op u versoek kortliks met u prakties wil behandel. Ek trek eers histories net 'n paar lyne, daarna ontleed ek enkele begrippe, daarna stip ek probleme van die kant van die sendende kerke, vervolgens probleme van die kant van die jong kerke aan, waarna ek enkele moontlike oplossings probeer noem.

### 'N KORT HISTORIESE OORSIG

Ek poneer die stelling dat die eerste fenomenale uitbreiding of self-uitbreiding van die kerk plaasgevind het toe die evangelie deur apostels, deur evangeliste, deur leraars maar selfs ook deur talle mede-arbeiders van die apostels gedra is. Onder hulle is selfs talle vroue bekend. Die evangelie het so prakties van stad tot stad, van kontinent tot kontinent en van volk tot volk gegaan. Ek wil klem lê op hierdie feit dat daar uitbreiding was omdat elke gelowige 'n getuie vir Jesus Christus was of kon wees.

In die tweede fase van sending verskuif die aksent aanmerklik. Ongeveer die vyfde eeu, nadat die Christendom staatsgodsdiens geword het, het die Roomse Kerk in die suide van Frankryk by Lyons en daarna geleidelik Engeland, Ierland en daarvandaan weer Holland, Duitsland en Wes-Europa bepaaldelik vir die Roomse kerk met sending verower. Waar gedurende die eerste periode die aksent sou val op die geloof en 'n organiese saamlewe met Christus, tree in hierdie tweede fase die institusionele sending na vore waar dit om die Roomse Kerk of priesterinstituut gaan wat met die koninkryk van God vereenselwig word. Gelyktydig kry ons by Karel die Grote die vooruitgang van die Romeinse en Germaanse idee in Wes-Europa nl. die idee dat die owerheid 'n Christelike ryk in die staat moet bewerkstellig. U weet dat ons geldstukke tot onlangs die Engelse koning as keiser en "verdediger van die geloof" gehuldig het. Dit is 'n erkende feit dat die Westerse lande politiek-ekonomiese ryke gebou het, mede met die idee dat hulle daardeur die Chistendom vestig.

Hierdie era het begrippe gevorm wat ons meer beïnvloed het as wat ons weet, soos o.a. voogdyskap, "beskawing" en "Christendom" wat gemeet word aan verwestersing. Nog meer, in 'n Engelse ryk is beskawing en Christendom vereenselwig met verengelsing van

---

*Voordrag tydens 'n sendingkonferensie te Pretoria op 18 Maart 1981.*

jou hele leefwyse en opset. In 'n Hollandse ryk was die norm hoe Hollands die inboorling geword het, anders was hy nog "onbeskaafd", "primitief" of selfs "barbaars". Die sosiale, kulturele en politieke andersheid van mense is in baie opsigte eintlik afgeskryf en die mense moes inpas in die prentjie van die betrokke ryk voordat hy geaksepteer word.

In die 19de eeu kry ons 'n ander fase waarin sending ontplof, maar dit was los van die kerk en staat, gedra deur genootskappe of verenigings met 'n sterk piëtistiese inslag. Geloof en sending is grootliks losgemaak van die lewe, bv. iemand se werk of boerdery het niks met geloof te doen nie. Geloof kom net op 'n "geestelike gesprek" neer en dit moet net oor die Bybel en "geestelike" aspekte handel. Sending gaan om "siele" te wen. Hierdie sendingaksie het dikwels los van die kerk en lewe in isolasie soos 'n oliedruppel op water gedrywe. In ons eie sending mag spore wees dat ons "sending" los van die boerdery, die lewenstryd en lewe van die mense was. Die boemerang van hierdie sendingaksie slaan in die moderne politieke en sosiale evangelie terug wanneer gesê word daardie sending was opium van verdrukkers om mense ekonomies en polities te verdruk. Ware sending is dus vandag sosiaal-politieke en ekonomiese bevryding. Aan die ander kant het Internasionale sendingkonferensies sedert 1912 van die kant van die jong kerke in Indië en elders nadruk gelê op die bepaalde verband wat elke kerk met die volk waarin sending plaasvind, moet hê. Tegelykertyd is besef dat sending eintlik geboortegeskiedenis van die kerk is en dus nie apart van kerkwees behandel moet word nie. Gelowig-wees, is feitlik al getuie wees in sending. Ek wil graag op hierdie punt baie nadruk lê. Ons moet nie dink dat sending iets apart is nie. Sending is, of liewer, behoort net soos katkisasie, 'n normale aktiwiteit van 'n Christelike kerk te wees.

## KORT HISTORIESE OORSIG VAN SUID-AFRIKA EN BEPAALDELIK DIE GEREFORMEERDE KERK IN SA.

Van 1870 tot omtrent 1910 is die noodsaak en belangrikheid van sending erken maar om baie redes weinig prakties tot stand gebring. Gedurende hierdie periode is die eerste georganiseerde Christengroepe te Venterstad opgeneem en met sending in Angola en Pretoria begin. Van 1910 tot ongeveer 1949 is op voetspoor van Kuyper en besinning in Nederland erken dat sending van die plaaslike kerk moet uitgaan, maar in praktyk is volledig op sinodebasis sending bedryf. Na die Tweede Wêreldoorlog het belangrike veranderinge plaasgevind, die belangrikste miskien a.g.v. die koms van talle Nederlandse immigrante wat in Nederland gewoond was aan 'n sekere tipe sending m.b.t. Indonesië. Verder het besoeke van die sendingprofessor van Nederland, prof. J. H. Bavinck, 'n belangrike bydrae gelewer. Daarmee saam het die eerste swart predikant, Jojakim Matlakala, opgelei deur ds. Hugo du Plessis te Siloam, diens aanvaar. Omstreeks 1950 het die aksent geweldig sterk geval op die beginsel dat elke plaaslike kerk sendende kerk moet wees. Spontaan het groepe gelowiges soms begin katkisasie hou, plaaslike kerke het elk hulle eie sendingkommissie benoem en gewerk.

Oral het jong kerke deur die bemoeienis van lidmate tot stand gekom. Ek weet van gevalle waar die plaaslike inisiatief en spontane aktiwiteit eenvoudig die sendingdeputate wat nominaal volgens 'n sendingorde hulle toestemming moes gee, verbygespoel het. Die sendingorde het dan ook teen die einde van die vyftigerjare in onbruik geraak omdat die genootskaplike of sinodale sendingpatroon weggeleef is. Vandag is daar nog reste van oor.

Teen 1964 was daar reeds soveel jong kerke geïnstitueer dat die Sinode van daardie jaar eie kerkvergaderinge tussen hierdie jong kerke geïnisieer het. Waar elke jong kerk aan 'n blanke "sendende kerk" geskakel was, is die jong kerke as volle kerke van Jesus Christus selfstandig erken en het hulle hulle eie klassisse, algemene vergaderings of sinodes op semi-etniese, semi-geografiese basis en in een geval op rassistiese onderskeidingsnorm gevorm, bv. die etnies-geografiese (algemene vergadering) Sinode Soutpansberg en Sinode Middellande maar 'n rassistiese Sinode (algemene vergadering) van "Kleurling"-kerke. Gedurende hierdie periode na 1960 het daar ook binne ons eie kerke toenemend 'n geweldige verskerping van afstigting plaasgevind. In die proses het die een kerk wat met sending besig was, as voorwaarde vir die afstigting gestel dat die te stigte kerk vir sending gekoppel bly aan die kerk waarvan hy afstig, bv. waar Silverton en Sunnyside alleen in sending betrokke was, is op die huidige oomblik seker maklik vyf of meer kerke gekombineer vir dieselfde aksie. Hierdie twee tendense (kerkverband tussen jong kerke en geïntensiveerde afstigtings en toespitsing op eie institusionele uitbreiding) het na my mening tot op groot hoogte die doodsklok gelui oor die sendingera. Onder die noemer "sending" sou voortaan finansiële sustentasie vir die jong kerke bedoel word.

## 'N PAAR BEGRIPSONTLEDINGE

Eerstens het 'n kerk, of ons dit wil weet en of ons altyd daarmee saamstem of te nie, kragtens die Bybel en ons Gereformeerde kerkreg, 'n sekere status al beantwoord hy nie aan al ons standaarde nie.

Wanneer die liggaam van ons Here Jesus Christus, 'n vergadering van gelowiges, op 'n bepaalde plek gelowiges vergader wat ouderlinge beroep en bevestig het om toesig te hou met die Woord, het 'n volwaardige, selfstandige kerk tot stand gekom. Die liggaam van ons Here Jesus Christus is dan op daardie plek in daardie gelowiges sigbaar in sover as wat hulle daardie kenmerke van die ware kerk volgens Art. 29 van die NGB openbaar. Die een kerk van ons Here Jesus Christus word dus openbaar in 'n menigte kerke wat kragtens etniese, kulturele-, beskawings-, opvoedingsverskille ens., eie identiteite aanneem. Ons merk in die Bybel dat 'n kerk onder die Grieke in Korinte anders gelyk het as 'n kerk onder Jode in Jerusalem. Wat by een 'n strydpunt was, was dit nie by die ander nie (bv. probleme met offervleis of met Levitiese wetsvoorskrifte, ens.).

Elke kerk het 'n eie identiteit. Die universele kerk is op 'n eie unieke en onherhaalbare wyse teenwoordig in hierdie onderskeie kerke.

Tweedens, "sending" is in wese uitdra van die evangelie, getuig vir

Jesus Christus, sy Naam bely, goeie werke doen sodat my naaste vir Christus gewin kan word. In die Kategismus word dit bely i.v.m. die bekering, Christen-wees. Later, veral a.g.v. Europese snobisme, is daar onderskei tussen "sending" en "evangelisasie", wat na my mening geen bepaalde Skriftuurlike basis het nie. Evangelieverkondiging onder "blankes" is mos darem nie "sending" nie! Hulle is dan so "beskaafd"! Daardie sendingwerk noem hulle dan "evangelisasie".

Maar die waarheid is eenvoudig, jy glo of jy glo nie. Waar ongeloof, valse geloof, skyngeloof met die evangelie tegemoet getree word vind evangelisasiewerk, d.w.s. sendingwerk plaas. Elke Christen is geroep en gestuur om te evangeliseer.

Vervolgens is dit 'n feit dat een kerk soms die hulp van 'n ander kerk nodig het. Ons bekyk dit ook weer uit verskillende hoeke. Ons is vreeslik Westers, baie "prakties" en die "nuttigheid", veral die geld en finansies, weeg by ons baie swaar. Die hulp wat nodig is, kan ook geestelik wees, bv. om raad te kry. Dink aan die hulp of geestelike leiding wat die Geref. Kerk onder die Afrikaners van bv. die Geref. Kerke in Nederland tot ongeveer 1940 nodig gehad het.

Daar is 'n interafhanklikheid, 'n intergemeenskap wat deur middel van kerklike skakeling ("korrespondensie") interkerklike samelewing vergestalt. Sustentasie moet nie net 'n finansiële inhoud dra nie. Hierdie saak moet dringend hoog op ons agenda vir bespreking kom.

## DIE HUIDIGE PROBLEME VIR DIE SENDENDE KERKE

In die eerste plek het talle sendende kerke in hulle "sendingwerk" die gevoel dat hulle nie werklik besig is om met heidene te werk sodat die evangelisering tot kerkinstituering a.g.v. kom tot geloof in Christus, sal lei nie. In praktyk het "sendende" kerke dus grootliks betrokke geraak by allerlei probleme met geïnstitueerde swart of Kleurlingkerke. Die probleme wat hulle daar aantref is legio en hulle raak betrokke in die huishoudelike sake van 'n ander kerk en kultureel totaal ander mense. Die andersheid word as frustrasie belewe.

Verder word die minimum van nog bestaande kontak hoogstens deur drie of vier, in 'n enkele geval miskien tien, mense of 'n sogenaamde "sendingkommissie" beoefen. Soms is daar selfs net 'n paar verteenwoordigers op een of ander "gesamentlike" sendingkommissie. Die res of werklike gemeente is by wat selfs kwalik sending genoem kan word, heeltemal onbetrokke.

Derdens wek die metode van sg. sendingkommissies kommer. Hulle doen werk wat kerkregtelik baie moeilik met 'n gereformeerde opvatting oor 'n kommissie te rym is. Die "kommissie-" aktiwiteit (van 'n paar mense) verplaas eintlik die aktiwiteit van die kerkraad, soms selfs saam met kommissielede van ander kerke. Die "kommissie" het allermins opdragte wat hulle uitvoer en waaroor hulle terugrapporteer. Die "kommissie" is eintlik 'n komitee wat 'n taak "sending" het, maar sy eie werk bepaal en op homself optree. Op gesette tye is daar miskien 'n finansiële verslag en 'n paar algemene mededelinge met die oog op 'n notule. Die ander kerksraadlede weet

nie werklik wat daar gebeur nie en kan dit nie beoordeel nie. Dit is "sending" in kommissie-isolasie.

Die sendende kerke stuit vervolgens op die gevoel van absolute afhanklikheid wat hulle soms by die jong kerke opmerk. Daar is as't ware 'n onwil om eie onderhoud, sending, diakonale sorg, administrasie selfstandig te doen of te onderneem. Die ouer kerke het moontlik soms die gevoel dat die jong kerke weinig vir selfuitbreiding doen. Jong kerke kan of wil waarskynlik geen eie finansiële beheer op deugdelike wyse ooreenkomstig "blanke" standaarde uitoefen nie.

Vervolgens het "sendende" kerke dikwels die probleem dat hulle as Westerse ge-oriënteerde mense 'n sekere model verwag t.o.v. uitgawes en inkomste en dat aan die einde van die jaar jou rekenskap in die lig van die begroting gedoen word. Skynbaar vind die jong kerke dit makliker om enige tyd van die jaar met eise te kom t.o.v. uitgawes waarvoor hulle hoegenaamd nie begroot het nie. (Dit gebeur in ons "blanke" kerke ook dat hulle 'n begroting opsy skuif.) Die gevolg is spanning — of dikwels die weg van die minste weerstand: Een of ander blanke kommissielid doen vir die jong kerk die werk of die geld word vir 'n nuwe item eenvoudig weer verskaf. Die probleem is skynbaar dat die ouer kerke nie kan oorkom en hulle norme vir die beoordeling van effektiewe organisasie aan die jong kerke kan verkoop nie. Dinge soos stiptelikheid, betrokkenheid, realisering van bydraes, finansiële kontrole en veral ons Westerse formalisme en voorskriftelikheid t.o.v. prosedures, op sulke en sulke papiertjies, op sodanige kolommetjies en soveel handtekeninge, kry jy net nie verkoop nie. Dan neem die "blanke" kerk maar weer oor in die jong kerk.

## PROBLEME VAN JONG KERKE IN VERHOUDING MET OUER KERKE

Een van die allergrootste probleme wat ons by van die jong kerke opmerk, is die gevoel dat hulle in 'n patroon van afhanklikheid geplaas is. Hulle ondervind 'n sekere paternalisme, of voogdyskap, d.w.s. 'n absolute pa-kontrole van die kant van die ouer kerke. Dikwels is die blanke sendeling, maar gewoonlik die "sendingkommissie" die groot indoena in hierdie paternalisme. Op die agenda van die jongste Sinode Middellande is gevra om 'n blanke persoon wat as "hoof van die kerk" aangewys moet word om vir eiendomme van alle kerke by registrasie te teken.

Tweedens kan die jong kerk moeilik 'n lastige situasie of patroon verander omdat hy sy sustentasie geldelik moet koop met gehoorsaamheid aan die "sendende kerk", sendeling of sendingkommissie. Sodra konflik opduik, is die geldelike ondersteuning van die betrokke jong kerk ter sprake.

Derdens word besluite oor hierdie geldelike ondersteuning of sustentasie dikwels eensydig deur die betrokke sendingkommissie geneem en as voorskrif aan die jong kerk deurgegee, so asof dit 'n pa is wat vir sy kind eenvoudig net kom sê wat die pa wil hê en hoeveel sakgeld hy kry. Die onderhandelinge tussen ouer en jonger

kerke dra dikwels nie die karakter van 'n ontmoeting tussen gelykwaardige kerke nie, maar 'n gesprek tussen persone. 'n Swart predikant het al beweer dat hy onder sy gemeenskap na die swart "boy" van die wit sendingkommissie lyk. Dit is 'n ernstige probleem. Art. 84 van ons KO was die eerste kerkregtelike beginsel wat in 1571 te Emden as basis vir kerke wat saamwerk, neergelê is: geen kerk sal oor 'n ander kerk, geen predikant oor 'n ander predikant, geen ouderling oor 'n ander ouderling, swart of wit, enige heerskappy voer nie. Dit bots dus vierkantig met ons gereformeerde opset wanneer een kerk, sê maar 'n wit kerk, inmeng in die huishoudelike sake van 'n swart kerk en eensydig wil voorskryf.

Vierdens het swart kerke dikwels onbewus 'n probleem omdat sê maar 'n "wit" kerk "sending doen" op die terrein, waar 'n swart kerk bestaan. "Blanke" kerke beroep dalk selfs 'n blanke sendeling vir daardie terrein sonder dat die "Swart" kerk wat die terrein beslaan en onder wie se mense daar sending gedoen word, enige seggenskap het in die beroep en ooreenkoms met die betrokke sendeling. Onder die noemer "sending" dring die sendende kerk dus werklik in in die terrein van die jong kerk. M.a.w. dit mag om baie redes wees, bv. "apartheid" of tradisie, maar sodoende ontstaan 'n probleemsituasie vir die betrokke jong kerk. Die kerk is uitgesluit van werk wat juis die jong kerk moet bou en is onbetrokke gelaat by "sending" wat sy eie roeping is. Die jong kerk behoort hier "sendende kerk" te wees in kombinasie met die "blanke" kerk — of self sending te doen met hulp uit die "blanke" kerke.

Vyfdens het ons jong kerke die probleme dat wanneer hulle aan die leiband van 'n sendende kerk of "kommissie" loop, hulle die naam kry van een of ander "Boerekerk". Die politieke problematiek van ons tyd gee aan die jong kerk 'n probleem om "inheems" te word, veral nog wanneer sendingkommissies of sendende kerke die jong kerk in allerlei formele sake dwing om in alles presies 'n replika van kerk binne 'n Afrikaanse, blanke, gereformeerde, Westerse gemeenskap te wees. Die jong kerke ondervind 'n geweldige probleem van identifikasie en raak onder hulle eie mense geïsoleer. Vir hulle draai alles later net om finansiële steun vir diegene wat daardeur bevoordeel word te pluk.

Nog 'n probleem: Die jong kerke verstaan dikwels nie ons ideale vir hulle selfstandigheid nie. Hulle meen daarom dikwels dat die blanke kerke verplig is om hulle te dra omdat hulle "kinders" van die "sending" is. Hulle verwag dan dat die "blanke" sendingkommissie traktemente bepaal en betaal — en kan nie verstaan dat waar dit wel gebeur, so veel diskriminasie is tussen "wit" en "swart" traktering nie. Vervolgens, net soos ons as ouers soms ons kinders wil oorbeskerm en veral wil verhoed dat hulle die foute maak (wat onsself gemaak het toe ons hulle ouderdom gehad het!) so wil blanke sendende kerke dikwels die jong kerk oorbeskerm en laat geen ruimte vir foute, groeipyne, eksperimente, om so te sê, vir puberteitsworsteling by hierdie jong kerke nie. Daar is 'n groot verskil wanneer ek vir my kind die gereformeerde

pad wil voorskryf omdat ek meer ervare en toegerus is in plaas van om hom te prikkel om oor 'n langer periode my uit te vra sodat hy op die ou end dink dat hy self uitgevind het.

Die werklike kwessie van die onvermoë by hierdie mense, veral op finansiële gebied, teenoor 'n oormag van sektes met hulle "ticket"-stelsel, lewer 'n groot probleem op. In die jong kerke neem lidmate 'n "ticket" van 25c of 50c, ongeag hulle inkomste. 'n Mens kan hamer dat dit nie so moet wees nie, maar in 'n swart gemeenskap het die leiers met dié opvattings te doen. Rome is nie in een dag gebou nie. Om baie redes,, histories, polities, ekonomies en o.a. die verhouding van baas en diensbode, is dié mense natuurlik vir geslagte gekondisioneer en dit sluit aan by hulle eie kultuur om iemand na wie hulle opsien slaafs na te volg, sy woorde nooit in twyfel te trek en om hom nooit teen te spreek nie. Selfs wanneer jy verskil, sê jy "ja", maar jy doen "nee". Dit is 'n beleefde omgangsvorm. (Die Hollanders sê ons Afrikaners sê "ja-nee". Dalk sit ons daarmee tussen Holland en Afrika). Daar is dikwels meer etniese en kulturele misverstande as wat ons van weet en dit word dan dikwels vir die jong kerke 'n probleem om gemotiveerd te wees, d.w.s. om vir hulleself 'n duidelike eie doel gestel te kry wat nie aan hulle van buite opgedring word nie. In ons tyd word vir talle kerke van oorsee en in die SA Raad van Kerke 'n politieke doel gestel. Dit is maklik as daar eie motivering of doelstelling ontbreek het.

ENKELE RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS

Met geduld moet oor tyd heen gesonde ruimte vir eksperimente vir groei geskep word. Op beginselgronde moet sending en sustentasie radikaal van mekaar geskei word. Heidene aan wie die evangelie gebring word, is geen selfstandige kerk wat in eie reg 'n openbaring is van die liggaam van Jesus Christus nie. Ons kan regtig nie langer sustentasie (finansieel en andersins) en sending met mekaar vermeng of onder dieselfde noemer "sending" betrek nie.

Tweedens wil ek aanbeveel dat hoogstens twee Afrikaanse (blanke) kerke met liefs een bepaalde jong kerk kombineer met die oog op sending in 'n bepaalde kulturele identiteit en milieu. Die sending moet nie net in 'n gebied nie, maar ook in 'n bepaalde taal tot 'n bepaalde volksgroep uitgaan. Daar moet minstens in die hoofgroepe van Sotho, Nquni, Venda en Tsonga onderskei word. Sending moet op 'n gebied met bepaalde mense gerig wees. Wanneer Afrikaanse kerke sending wil doen binne die grense van 'n gestigte "swart" kerk, moet daardie "swart" kerk wesenlik deel vorm van daardie sendingkombinasie, sodat alle werk saam beplan, verdeel, uitgevoer en saam geëvalueer kan word.

Die sending moet 'n minimum van tolke gebruik. Tolkery kan nog in evangelisasie en katkisasie plaasvind, maar 'n getolkte erediens is vervelend, afmattend en m.i. onstigtelik.

Die volgende aspek wat ek hier wil noem, is die sustentasie van jong kerke. In die eerste plek wil ek hier verwys na die rapport

voor die Part. Sinode Noord-Transvaal in November 1980 te Meyerspark. Daarin kom waardevolle riglyne voor van hoe dat daar op die verskillende vlakke van kerk tot kerk, d.w.s. van gemeente tot gemeente, klassis tot klassis, Part. Sinode dan tot Streek-sinode ens,. geskakel moet word. Hierdie beginsels het Sinode 1964 en ander al vasgelê. Die werklikheid van korrespondensie, gemeenskapsbeoefening belewe van die eenheid met erkenning van eie kulturele identiteit, het by ons nog nie behoorlik van die grond af gekom nie. Die metode om net met 'n "sendingkommissie" (gewoonlik net vir finansies) te skakel, bring geen werklike mens-tot-mens en Christen-tot-Christen kontak nie en jy kan dit allermins 'n kontak en nooit 'n ontmoeting in Christus noem nie. Daar groei na my mening 'n behoefte dat breë kerkraad met breë kerkraad, smal kerkraad met smal kerkraad, diakens met diakens, vroue met vroue en jongmense met jongmense tussen gereformeerde kerke onder verskillende volksgroepe moet skakel. Waar die skakeling wel plaasvind, het dit na beide kante stimulerende gevolge, veral vir jongmense. Ons moet van mekaar in Christus kennis neem en mekaar se andersheid erken. Ons moet egter ook van ons gemeenskaplike roeping en taak vir die koninkryk van Christus kennis neem en daaroor saam ons verantwoord. Hierdie gemeenskaplike roeping om eers die koninkryk (regering) van God saam te soek, geld nie in die eerste plek kerkrade en kommissies nie, maar die jongmense, mans en vroue, dan sal die ander dinge soos vreedsame naasbestaan ook aan ons geskenk word as 'n vrug (Matt. 6). Ons moet in hierdie ontmoeting trag om meer primêre, Skrifgebonde beginsels oor te dra as om voorskrifte te wil gee van presies hoe 'n beginsel moet uitgevoer word. Voorskriftelikheid kweek net tweedeklas "swart" huigelaars, soos daar baie "wit" huigelaars gedurende die middeleeue in Europa gekweek is. Konings en onderdane het soos heidene in brassery, dronkenskap en ontug geleef, maar uitwendig hulle eie pastor, kerkdiens en kapél aangehou.

Gesonde kontak en ontmoeting op sterkte van die eenheid in Christus op verskillende vlakke bied geleenthede waar vroue vroue, kerkraad kerkraad, diakens diakens en jongmense jongmense kan stimuleer. Ek mag sonder enige vrees van teëspraak sê dat daar onder die jong kerke tot op hede toe van diakonale aktiwiteit geen sprake is nie en dat dit sendende kerke weinig skeel terwyl die Kommunisme juis daarop konsentreer met 'n boodskap van nuwe verdeling van welvaart, bevryding en beter lewensomstandighede.

Ek wil pleit vir meer geduld met die foute, traagheid, gebrek aan insig, inisiatief, verantwoordelikheid ens. by jong kerke veral wanneer dit kom by die navolging van Westerse metodes, patrone en sisteme. As in Holland verenigings goed gewerk het, beteken dit nie dat 'n verenigingspatroon met 'n notuleboek, voorsitter en "lesing" swart mense gaan motiveer nie. Ek het vandag verneem dat talle "swart" kerke kerkraadsvergaderings sonder 'n notuleboek hou. Hulle is nie op notule en meerderheidsbesluite (d.w.s. partyskappe) ingestel nie, maar op konsensus. Ek weet nie of daar enige notuleboek by die Christelike kerke in die eerste vier, vyf

eeue gewees het nie. 'n Notuleboek kan 'n waardevolle item wees, maar dit is nie noodsaaklik om kerk te wees nie. Sê dit 'n bietjie vir ons Westerse formaliste!

Vervolgens wil ek my oortuiging uitspreek dat dit in almal se belang is dat finansiële sustentasie van "wit" kerke en kerkvergaderings aan "swart" kerke onderskei en geskei moet word. Sustentasie met die oog op die onderhoud van die swart predikant moet aan die "swart" klassis gegee word, alwaar die "swart" kerke moet aansoek doen. Ek noem die klassis, omdat dit volgens deugdelike gereformeerde praktyk die belangrikste byeenkoms van meer kerke is — en nie die Westerse imperium van "sinodes" as "top" van genootskapstruktuur nie. Op 'n klassis kan digby die kerke advies gegee word, die kerke van mekaar leer en selfs in 'n mate met mekaar kompeteer op weg na selfversorging, selfregering en selfuitbreiding. Laat 'n aansoek by 'n swart klassis van die swart kerk geskied op en volgens 'n behoorlike, maar eenvoudige reglement, asseblief tog nie daardie Potchefstroomse tipies Westerse reglemente waarna niemand kyk voor hulle sustentasie vra nie. Die minimum vereiste vir so 'n reglement is myns insiens:

1. 'n Kerkraad wat aansoek doen moet 'n goed gekwalifiseerde kassier hê, al huur hy 'n gekwalifiseerde boekhouer of prokureurskantoor vir sy boekhouding.

2. Die kerkraad moet 'n geouditeerde verslag van sy finansies by die klassis indien waar hy aansoek doen.

3. Die kerkraad moet in sy aansoek verslag doen oor groei en ontwikkeling en aktiwiteite t.o.v. selfversorging en selfuitbreiding.

4. Die aansoek moet 'n toekomsvisie (prognose, jaarprogram ens.) t.o.v. nuwe projekte ens. wat aangepak word, voorlê.

Die swart klassis kan weer regstreeks by die kerke verslag doen wat sustenteer. So kan daar van mekaar se probleme eerstehands kennis geneem word en tegelykertyd wedersydse inspraak gedoen word in konkrete ontmoetinge. Deputate van die naburige "blanke" klassis kan die "swart" klassis met advies dien. En laat ons die swart kerke asseblief die geleentheid gee wat ons ons kinders gee en wat alle blanke kerke gehad het, nl. die geleentheid om hulle eie foute te maak.

Heeltemal onderskeie en geskeie van bogenoemde sustentasie met die oog op instandhouding van die erediens, moet die weg gebaan en oopgehou word dat "blanke" kerke regstreeks finansiële en ander hulp aan die betrokke "swart" kerk gee. Hier dink ek aan enige vorm van barmhartigheidshulp, ondersteuning van sending, onderwys, vroue- jeug- en ander aksies. As dit afgesny of na klassisse verskuif word, stagneer die liefde in die formele strukture.

Onthou dat by ons die kerkraad van Dordrecht omstreeks 1865 besluit het dat "de aarde van nu af aan niet meer zullen draaien". Nou of daardie besluit ooit gehoorsaam is dit weet ek nie, maar dit klink asof hulle reg gehad het om 'n fout te maak.